higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010014)

2 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

176Q1J2102

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Gesin kan gedefinieer word as die kleinste eenheid in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

1.1.2 Een van die kenmerke van 'n staat is dat dit 'n spesifieke grondgebied het.

1.1.3 Daar kan na 'n nasie verwys word as 'n sosio-kulturele entiteit, 'n groep mense wat kultureel en taalkundig geïdentifiseer kan word.

1.1.4 'n Suid-Afrikaner kan sy of haar burgerskap prysgee.

1.1.5 Distriksmunisipaliteite bestaan uit 'n aantal plaaslike munisipaliteite wat in verskillende distriksmunisipaliteite val.

1.1.6 Die Onafhanklike Verkiesingskommissie bepaal die ontwerp en materiaal waarvan die stembusse tydens verkiesings gemaak word.

1.1.7 Die konstitusionele hof beslis of 'n wet wat deur die parlement gemaak is, 'n provinsiale wet en die president se gedrag grondwetlik is.

1.1.8 Die ampstermyn van die hoofregter, 'n adjunkhoofregter en nege ander regters is 12 jaar of tot hulle 70 jaar oud is.

1.1.9 'n Ander naam vir 'n plaaslike hof is die Hoogste Hof van Appèl.

1.1.10 Ondernemings in staatsbesit werk nie alleen nie; die staat is die hoofaandeelhouer en bewaarder.

1.1.11 Ongerehabiliteerde insolvente persone mag 'n lid van die parlement wees.

1.1.12 Boetes en borgtogverbeurings is van die inkomstebronne van die staat.

(12 × 2) (24)

1.2 Gee EEN woord vir die volgende:

Regering se openheid vir die publiek oor sy optrede (1)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Noem die SES hoofgroeperings van prosesse in die administratiewe proses. (6 × 2) (12)

2.2 Verduidelik die begrip *demokrasie* in VIER punte. (4 × 2) (8)

2.3 Die kabinet bestaan uit die president, adjunkpresident en ministers wat deur die president aangewys is. Kabinetsportefeuljes word aan politieke partye toegeken volgens die aantal setels wat elkeen in die nasionale vergadering het.

Noem enige AGT kabinetsportefeuljes. (8 × 1) (8)

2.4 Die nasionale wetgewende gesag is in die parlement gevestig.

Verduidelik die parlement se funksies en magte. (5 × 2) (10)

2.5 Noem enige VYF staatsinstellings wat die missie het om Suid-Afrika se grondwetlike demokrasie te beskerm en wat algemeen bekend staan as Hoofstuk 9-instellings (5 × 2) (10)
[48]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die doel en funksies van kwasi-outonome liggame. (5 × 2) (10)

3.2 Om te bepaal hoeveel fondse vir 'n finansiële jaar benodig gaan word en waarvoor die fondse aangewend gaan word, is dit nodig om te kyk na die verskillende begrotingstelsels wat in die staatsektor gebruik kan word..

Noem VYF beginsels van teikenbegroting. (5 × 2) (10)

3.3 Verduidelik enige TWEE maatreëls wat getref kan word om te verseker dat 'n belastingstelsel effektief funksioneer. (2 × 2) (4)

3.4 Noem die dag, maand en jaar waarop die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind het. (1 × 2) (2)

3.5 Noem die DRIE regeringsvlakke. (1)
[27]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou